# Volksang en die Volkskool


## Deur O. VAN OOSTRUM

ONS behoort professor Bon te dank dat hy op die onbevredigende toestand van ons nasionale sang gewys het, en dis verblydend dat daarop so geesdriftig gereageer word. Gedryf deur 'n begeerte om ons volk tot 'n singende volk te maak, wil ek wys op 'n aspek van die saak waaroor ek elders ook reeds kortliks geskryf het. Dis nl. die aandeel wat die onderwys dra in die skepping van hierdie toestand.

Die onderwys in die hele Suid-Afrika berus op materialistiese grondslag. Die meeste klem word gelê op die brood- en botterlewerende deel van die opvoeding. Wat vir die kind in sy later lewe kan help om sy aardse bestaan te verseker word met alle ywer onderrig; die verstand word gevoed met soveel kennis as in die skooljare opgeneem kan word. Dit sal seker ook niemand afkeur nie; dis goed dat 'n kind so effektief moontlik toegerus word met die wapens om die lewenstryd met sukses te kan stry. Maar die mens sal by brood alleen nie leef nie. By die oorheersende voeding van die intellek word alte dikwels die gemoed, die hart, die gees verwaarloos. Dit gaan so ver dat byv. in die Kaapprovinsie die onderwysvakke verdeel word in twee klasse, essensiële en nie-essensiële vakke. Die essensiële vakke is dan dié wat iemand in sy verkeer in die wêreld nodig het, wat dus hoofsaaklik die verstandelike ontwikkeling beoog. Die nie-essensiële vakke, m.a.w. die vakke wat minder daarop aankom of hulle geleer word of nie, is dié wat die gees veredel, soos teken en sang. Van hierdie twee word teken nog die meeste beoefen, maar sang word afgeskeep. Die inspekteurs vra in die eerste plek na lees, reken, aardrykskunde, natuurkennis en dergelike dinge. Teken trek ook nog wel hul aandag, maar van 'n ondersoek omtrent kennis en bekwaamheid in sang kom daar bloedmin. Ek weet van inspekteurs wat reken hulle kan 'n klas nou maar verder weer aan die onderwyser oorlaat, sodra daar 'n begin gemaak word met die sing van 'n lied. Die oorsaak hiervan is dat die meeste inspekteurs self maar 'n gebrekkige kennis van sang en die kuns van sangopleiding besit.

Seker 90 persent (indien nie meer nie) van die onderwysers is nie in staat om sangonderrig te gee nie (baie maal het ek van hulle hierdie bekentenis gekry), en uit hul geledere word die skoolinspekteurs aangestel. Die meeste wat 'n onderwyser, wat iets van sang af weet, gewoonlik kan doen, is om die kinders met behulp van 'n klavier 'n aantal liedjies van buite te laat leer. Maar van eintlike *onderwys* in sang, d.i. om die kinders te leer om self 'n wysie wat in noteskrif voorgestel is te kan sing, kom niks.

Waar lê die skuld? Party sal sê by die Normaalkolleges en die ander opleidingsinrigtings. Maar die Normaalskole kry hul studente van die hoërskole, en die hoërskole word van leerlinge voorsien uit die laerskole. In laasgenoemde kom die hele sangonderwys in die praktyk neer op die van buite leer van 'n aantal wysies, sonder enige kennis van die note. Dus moet die hoërskole, as hulle iets wil doen aan singonderwys (ek bedoel nie sang nie, maar *onderwys* in sang) die leerlinge van die begin af onderrig. En as nou alle hoërskole die leerlinge maar tot op gelyke hoogte opwerk, sou 'n Normaalskool tog 'n grondslag hê waarop verder gebou kon word. Maar dis nie die geval nie: party studente kom op die opleidingskool met 'n bietjie, ander sonder enige noemenswaardige kennis van die vak. Dus moet die Normaalkollege ook maar amper van niks af begin, en dis onmoontlik om by die geringe tyd wat vir sangstudie op die rooster geplaas kan word, iemand so ver te bring dat hy stewig genoeg onderlê is om goeie sangonderwys aan kinders te kan gee. Die onbekwame onderwysers deur die Normaalinrigtings afgelewer kom byna almal in die laer... tereg, en so bly die vak sangonderwys in 'n noodlottige sirkel ronddraai.



Byna alle kinders is te skaam om voor 'n klas te sing. As hulle egter die regte sangonderrig ontvang, sal hulle dit net so vrymoedig doen as lees of resiteer.

Hoe baie verskil dit nie van die toestand by die singende volk by uitnemendheid, die Duitsers, nie! Ek het twee jaar gelede vir die Transvaalse Departement van Onderwys 'n ondersoek ingestel om te sien wat gedoen kan word ten einde aspirant-Normaalstudente voor hulle toelating te kan toets met die oog op die vraag of hulle vir die opvoedingswerk geskik sal wees of nie. In my korrespondensie hieroor met buitelandse skooloutoriteite het dit toe geblyk dat in Duitsland 'n hoërskoolleerling wat tot 'n opleidingskool toegelaat wil word, o.a. *bewys moet lewer dat hy kan sing* (d.i. sing met kennis van die note) en *'n instrument kan bespeel*. Van sulke jongmense kan, as hulle eenmaal onderwyser is, iets verwag word. By ons egter is dit 'n gesukkel van begin tot end. Prof. Bon, wat die musiekonderwys aan die Universiteit en die geaffilieerde Normaalskool gee, kla steen en been oor die onmoontlikheid om in so 'n toestand geskikte sangonderwysers te kan aflewer. As oud-dosent aan die Pretoriase Normaalskool en as eksaminator, ook dikwels in sang, weet ek waarvan ek praat.

Die grondfout wat vir hierdie toestand verantwoordelik is, altans in die Transvaal (maar ek vermoed dat dit ook in sommige ander provinsies die geval is) moet gesoek word by die adviseurs van die Onderwysdepartemente. Hierdie here is bekwame musici, maar hulle stel as doel van die sangonderwys in die skole *kunssang*, terwyl dit *volksang* behoort te wees. Kunssang is bereikbaar vir enkele gunstelinge, wat van die natuur 'n mooi stem en 'n artistieke aanleg ontvang het. Dan word op 'n feesaand, by 'n trouery of 'n geselligheid aangekondig: „Nou sal mnr. of mej. X ons vergas op 'n lied". Mag die tyd aanbreek dat hierdie gewoonte uitsterf en dat in plaas daarvan gesê word: „Nou sal ons almal saam hierdie of daardie lied sing." Die oorgrote meerderheid mense besit nie die hoedanighede wat van iemand 'n kunssanger kan maak nie. Moet hierdie meerderheid dan maar verwaarloos word? Wie durf so iets beweer?

Die eise moet anders gestel word. Vir volksang moet ons met middelmatige stemgeluide en middelmatige voordrag tevrede wees. Sing moet nie langer 'n uitsondering wees wat weens die hoë eise wat aan 'n sanger gestel word, slegs vir enkele persone bereikbaar is nie, maar dit moet algemeen word, sodat ook mense met minder verfynde stemme hul hart in 'n besielende lied kan uitstort. En as 'n nuwe lied verskyn, moet hulle nie veroordeel wees om te wag totdat een van die begunstigdes dit vir hulle kan voorsing nie, maar hulle moet dit self van blad af kan sing. Intussen kan die kunssanger sy plek behou, waar hy voor 'n groter of kleiner gehoor optree om die vergaderdes 'n aangename tydjie te besorg.

Die gevolg van die houding van die outoriteite wat die sangonderwys reël, is dat so baie kinders in die waan verkeer dat hulle nie eintlik kan sing nie. By die leesonderwys kry elke kind 'n beurt om voor die hele klas te lees, en niemand van hulle vind dit vreemd nie. Maar vra 'n kind om voor die klas te sing en jy sal sien hoeveel van hulle daarvoor te skaam is. As die onderwys goed gegee word, sal elke kind dit net so natuurlik vind as by die leesonderwys. Maar dan moet die onderwys ook regtig *onderwys* wees en nie 'n afrigting met die ewig-teenwoordige klavier nie, wat die dood van regte sangonderwys is (*nasing in plaas van self die tone vind*).

Wat ek bedoel is dit:

Die leesonderwys begin met die leer van die klanke en die lettertekens waardeur ons daardie klanke aandui. Die klanke en hul tekens mag miskien deur ontleding van sekere woorde aangeleer wees, maar daarna word uit die aangeleerde tekens en klanke nuwe woorde opgebou; die woorde word tot sinne verenig, wat van heel

(*Vervolg op bladsy* 51.)

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

# VOLKSANG EN DIE VOLKSKOOL

(*Vervolg van bladsy* 25)

eenvoudiges af tot meer ingewikkeldes opklim, die sinne vorm periodes en die periodes hele stukke, soos verhale, beskrywings, ens. tot selfs gedigte.

Op dieselfde manier gaan dit by metodiese sangonderwys. Die elemente wat met die letterklanke ooreenkom, is die tone: *do, re, mi,* ens. en die tekens waarmee hulle aangedui word, is die note. Net soos by leesonderwys behoort elke kind te leer om die vereiste tone volgens daardie teken selfstandig voort te bring, en as dit van die begin af gedoen word, is daar nie een kind (ek spreek uit ervaring) wat daarvoor skaam is nie. Dit vereis net maar 'n bietjie takt. Die een sing die tone 'n bietjie mooier as die ander, maar by leesonderwys gebeur dieselfde, en niemand vind daar iets vreemds in nie; die kinders neem die feit aan as iets wat nou eenmaal natuurlik en gewoon is.

As die saak op die regte manier aangepak en voortgesit, en 'n paar halfure per week daaraan bestee word, kan 'n leerling van die laerskool in Std. VI so ver kom dat hy eenvoudige wysies sonder ingewikkelde tydindeling of notefigure net so gemaklik onafhanklik van die blad af kan sing as wat hy 'n boek of koerant lees; en as hierdie onderrig in die hoërskool voortgesit word, kan die Normaalskole daarvandaan studente kry wat net so bekwaam gaan word om sangonderwys as om lees- of rekenonderwys te gee.

„Maar," sê iemand, „twee halfure per week kan ons nie aan sangonderwys afstaan nie; die ander vakke sal daaronder ly." Hierdie beswaar wys weer duidelik op die beskouing dat sang 'n minder nodige vak is. Dink: een uit 25 ure! Vier persent! En dit vir 'n vak van soveel waarde vir die ontwikkeling van die gemoed en die aankweek van skoonheidsin by die individu en van soveel nasionale waarde in die lewe van die hele volk. Want in die gebrek aan sangvaardigheid skuil 'n groot kulturele gemis. Nie nodig nie? Dit word hoog tyd dat ons gaan insien wat ons volk ly deur die stiefmoederlike manier waarop sang in die skole deur ons onderwysdepartemente behandel word, en dat ons verbetering daarin eis.

Verbetering sal egter nie sommerso asof deur 'n toorslag tot stand kom nie. Die groot moeilikheid is hoe om te begin. Want dis duidelik dat die onderwysers die eerste moet wees wat vir hulleself deur oefening genoeg kennis en bekwaamheid verwerf om die kinders te kan onderrig. Baie sal geen kans daarvoor sien nie omdat dit vir hulle te veel tyd sal kos. Maar daar sal ook entoesiaste wees wat hulle die moeite v[an] selfonderrig wil getroos voordat hulle die taak in die skool aanpak. As hulle maar net weet hoe. Dit vereis bestudering van 'n geskikte metode.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012